SUNWARDPARK GEMEENSKAPSKERK
REGLEMENT VIR GEMEENTERAAD

Ons roeping: Ons is 'n Bybelse gemeenskap wat soos Christus wil leef

Ons ankers:

- Groei Kol 1:10; Ef 4:1; 2Pet 3:18
- Gawes Rom 12:6-8; 1Pet 4:10
- Genade Ef 2:8-10; Rom 3:24
- Gee 2 Kor 8:5; 2 Kor 9:6-10
- Gaan Rom 10:14-15; Matt 28:19
- Groepe Hand 2:46-47; Hand 5:42;Heb 10:25

1. REGSGRONDSLAG

1.1 Sunwardpark Gemeenskapskerk se kerkraad sal bekend staan as die Gemeenteraad.

1.2 Die organisasie en funksionering van die Gemeenteraad is gegrond op die artikels van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel van tyd tot tyd deur die Algemene Sinode. Spesifiek het die volgende artikels betrekking op die Gemeenteraad:

1.2.1 "Artikel 26

26.1 Elke gemeente het 'n kerkraad aan wie die opsig oor, die regering van en die tug in die gemeente toevertrou is.

26.2 Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede verkies is. Daar kan ook bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens wees wat nie in die kerkraad dien nie.

1.2.2 Artikel 27

27.1 'n Kerkraad mag desentraliseer en aan gedesentraliseerde kerkrade duidelik omskrewe bevoegdhede gee wat aan die ring vir goedkeuring voorgelê word.

27.2 Vir die behartiging van die besondere werksaamhede aan die onderskeie ampte verbonde, mag die ouderlinge en diakens gereeld afsonderlik vergader.

1.2.3 Artikel 28

28.1 Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar.

28.2 Die kerkraad kies jaarliks 'n voorsitter uit die leraar(s) en ouderlinge.

28.3 Buitengewone vergaderings van die kerkraad word deur die voorsitter byeengeroep na oorlegpleging met die leraar(s) indien die voorsitter nie 'n leraar van die gemeente is nie.

28.4 Indien die plaaslike leraar(s) nie by 'n gewone of buitengewone kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie, moet die konsulent of 'n ander ringsleraar deur hom/haar daartoe versoek, die vergadering adviserend namens die ring bywoon. Die konsulent kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

2. SAMESTELLING EN AMPSTERMYN VAN GEMEENTERAAD
(hierna die Raad)

2.1 Die Raad bestaan uit:

2.1.1 die bedienaars van die Woord,

2.1.2 ouderlinge en diakens wat as lede aangewys is deur 'n algemene vergadering van lidmate, en

2.1.3 ouderlinge en diakens wat as bedieningshoofde aangestel is deur die onderskeie bedieninge

2.2 Die ouderlinge en diakens wat as lede wat verkies word deur die algemene vergadering van lidmate se ampstermyn is 'n tydperk van 2 (TWEE) jaar. Indien 'n raadslid sou sterf of uittree voor afloop van sy ampstermyn, is die Raad verplig om 'n plaasvervanger aan te wys en sy naam vir goedkeuring aan die gemeente voor te lê.

2.3 Die ouderlinge en diakens wat as bedieningshoofde aangestel is deur die onderskeie bedieninge se ampstermyn is ‘n tydperk van 2 (TWEE) jaar. Indien 'n raadslid sou sterf of uittree voor afloop van sy ampstermyn, is die betrokke bediening verplig om 'n plaasvervanger aan te wys en die Raad verplig om sy naam vir goedkeuring aan die gemeente voor te lê.

2.4 Die Voorsitter en Vise-voorsitter van die Raad word vir 'n ampstermyn van 1 (EEN) jaar op die eerste vergadering van die Raad vir die jaar gekies uit die geledere van die leraars en ouderlinge. Die Voorsitter en Vise-voorsitter kan herkiesbaar wees vir ‘n verdere termyn van 1 (EEN) jaar.

2.5 Die Raad sal te alle tye uit nie minder as 10 (TIEN) lede bestaan nie.

2.6 Die Gemeente kies die volgende lede:
2.6.1 Twee Ouderlinge
2.6.2 Twee Diakens
2.6.3 Een Vrouelid
2.6.4 Tesourier

2.7 Die jeug kies die volgende lid:
Een jeuglid (Young Adults is deel van die jeug)

2.8 Die bedieninge kies die volgende lede:
2.8.1 ‘n Bedieningshoof per bedizening (Tans 6)

2.9. Die ouderlinge, diakens, voorsitter en vise-voorsitter wat deur die algemene vergadering verkies word, moet vooraf genomineer word deur die gemeente op ‘n wyse deur die Raad bepaal. Hulle name moet vir kommentaar aan die gemeente voorgelê vir besware en daar moet deur die leraars ‘n gesprek met hulle gevoer waarna hulle beskikbaarheid bevestig sal word.

3. ALGEMENE VERGADERING VAN LIDMATE

3.1 'n Algemene vergadering van lidmate word belê:
3.1.1 Elke jaar deur die Gemeenteraad; of
3.1.2 op die skriftelike versoek van minstens 50 (Vyftig) lidmate , welke versoek gerig moet word aan die voorsitter van die Raad; of
3.1.3 wanneer die Raad so bepaal.

3.2 Lidmate moet deur middel van ‘n gepaste kennisgewing van die plek en datum van 'n algemene vergadering in kennis gestel word.

3.3 Sodanige lede wat op 'n vergadering teenwoordig is, vorm 'n kworum.

3.4 Die beslissing van die meerderheid van die lede van die gemeente aanwesig, óf persoonlik óf deur middel van 'n gevolmagtigde, by 'n algemene vergadering is

die beslissing van die vergadering. By 'n staking van stemme het die Voorsitter 'n beslissende stem.

3.5 Die Algemene vergadering wys tydens die vergadering ‘n Voorsitter aan.aan.

3.6 'n Algemene vergadering van lidmate verkies jaarliks daardie aantal ouderlinge en diakens tot die Raad volgens aantal en die prosedure wat deur die dienende Raad bepaal is.

3.7 'n Algemene vergadering van lede mag versoek dat die Gemeenteraad enige inligting wat die algemene vergadering as relevant beskou en waaroor die Gemeenteraad beskik, aan 'n daaropvolgende algemene vergadering van lede voorlê.

4. BEVOEGDHEDE VAN DIE RAAD

4.1 Die magte en bevoegdhede van die Gemeente in die uitvoering van die aktiwiteite van die Gemeente is soortgelyk aan 'n natuurlike persoon met volle regsbevoegdheid. Sodanige magte en bevoegdhede word uitgeoefen deur die Raad en sluit die magte en bevoegdhede hieronder uiteengesit. Die magte en bevoegdhede hieronder uiteengesit beperk egter nie in enige opsig die omvang van die magte en bevoegdhede wat deur die Raad uitgeoefen word nie behalwe in soverre dit uitdruklik hierin bepaal word.

4.2 Die Raad mag by wyse van koop, skenking of op enige ander wyse, enige soort eiendom, insluitende roerende en onroerende eiendom, bekom op sodanige voorwaardes as wat die Raad, in hulle uitsluitlike diskresie, mag goeddink.

4.3 Die Raad mag 'n maatskappy laat inkorporeer en van welke maatskappy die Gemeente die enigste aandeelhouer is en welke maatskappy die geregistreerde houer mag wees van eiendom van die Gemeente.

4.4 Die Raad mag met die eiendom van die Gemeente handel op enige wyse wat die Raad in hulle uitsluitlike diskresie goeddink en dit sluit in die reg om op enige wyse oor eiendom te beskik hetsy dit te verkoop, dit te skenk of op enige ander wyse daarmee te handel.

4.5 Dit is nie nodig vir die Raad om die verlof van die Meester van die Hooggeregshof of van die Hooggeregshof self of van enige ander persoon, hetsy 'n natuurlike persoon, hetsy 'n regspersoon, of van enige ander instelling, te bekom ten einde te beskik - op enige wyse hoegenaamd, hetsy by wyse van verkoping, skenking of beswaring met verband of notariële verband of beswaring by wyse van verpanding of sessie - oor enige eiendom, insluitende roerende en onroerende eiendom en enige ander tipe eiendom.

4.6 Die Raad mag enigiets doen wat in hulle uitsluitlike diskresie nodig is om die Gemeente se eiendom behoorlik te onderhou.

4.7 Die Raad mag onroerende eiendom ontwikkel en verbeter en dit sluit in die oprigting van geboue en ander strukture daarop en die verwydering van bestaande geboue en ander strukture.

4.8 Die Raad mag enige gelde, belê op enige wyse wat die Raad mag goeddink insluitende om die geld te belê by 'n finansiële instelling of om enige tipe roerende of onroerende eiendom te koop maar wat aandele betref is dit beperk tot aandele wat genoteer is op 'n gelisensieerde effektebeurs soos in die Wet op beheer van Effektebeurs 1985 omskryf of wat genoteer is op 'n effektebeurs in die buiteland sou dit toelaatbaar wees ingevolge Suid-Afrikaanse reg.

4.9 Die Raad mag 'n bankrekening/s verkry en administreer by 'n finansiële instelling/s.

4.10 Die Raad mag enige verpligtinge in hulle hoedanigheid as Raad aanvaar insluitend die verpligtinge as lener van fondse by 'n finansiële instelling/s.

4.11 Die Raad mag enige soort sekuriteit verskaf insluitend verbande oor onroerende eiendomme, notariële verbande oor roerende eiendom en mag ook roerende eiendom verpand en regte sedeer.

4.12 Die Raad mag enige persoon hetsy 'n natuurlik hetsy 'n regspersoon aanstel om enige soort diens te lewer en mag sodanige persoon vergoed daarvoor.

4.13 Die Raad mag vennootskapsooreenkomste en ooreenkomste vir gesamentlike ondernemings en enige soortgelyke ooreenkomste sluit.

4.14 Die Raad mag enige van bogemelde ooreenkomste kanselleer.

4.15 Die Raad mag enige aksies of aansoeke instel of verdedig in enige hof binne of buite Suid-Afrika en in hierdie verband mag prokureurs en advokate en enige ander professionele of deskundige persone aanstel en enige uitgawes in hierdie verband aangaan.

4.16 Die Raad mag enige eis skik, abandoneer, onderwerp aan arbitrasie op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag goeddink en mag ook sodanig optree ten opsigte van enige eis teen die Raad in hulle hoedanigheid as Raad.

4.17 Die Raad in hulle uitsluitlike diskresie mag bepaal tot watter mate ontvangste aangewend sal word as inkomste en tot watter mate as kapitaal.

4.18 Die Raad mag nie vergoed word uit die trustbates vir enige persoonlike onkostes deur hulle aangegaan in die uitoefening van hulle pligte as Raad nie.

4.19 Dit is in die uitsluitlike diskresie van die Raad om te bepaal wanneer, hoe en in welke omstandighede bates, hetsy kapitaal hetsy inkomste, aangewend sal word vir die voordeel van enige begunstigde.

4.20 Die Raad mag amptenare aanstel om sodanige sake as wat die Raad mag bepaal te bestuur op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag goeddink en welke amptenare se aanstelling onderworpe sal wees aan sodanige diensvoorwaardes, ook wat betref besoldiging, as wat die Raad mag bepaal.

4.21 Die Raad mag uit die geledere van die Raad soveel subkomitees en bedieninge saamstel as wat die Raad nodig ag.

4.22 Die Raad mag uit die geledere van die gemeente bedieninge saamstel om goedgekeurde aktiwiteite namens die Raad te hanteer.

4.22.1 Na die totstandkoming van ‘n bediening sal alle lidmate van die gemeente uitgenooi word om ‘n vergadering van die bediening by te woon onder tydelike voorsitterskap van ‘n Raadslid.

4.22.2 Die teenswoordige lidmate by sodanige vergadering sal ‘n lidmaat tot bedieningshoof verkies. Die bedienngshoof sal op besluit van die Raad as ouderling of diaken verkies word met die bevoegdheid om as Raadslid op te tree.

4.22.3 Die bedieningshoof se ampstermyn is 2 (TWEE) jaar. Die persoon sal vir daardie tydperk ex officio lid van die Raad wees.

4.22.4 Elke bediening vergader van tyd tot tyd om die gedelegeerde verantwoordelikhede van die Raad te hanteer.

4.22.5 Elke bediening sal jaarliks ‘n begroting en aksieplan saamstel en het, na goedkeuring van die Raad, die volmag om binne die raamwerk van hierdie reglement, daardie aksieplan uit te voer.

4.22.6 Besluite en aanbevelings van die bediening moet genotuleer word en op die daaropvolgende vergadering van die Raad deurgegee word vir kennisname of besluitneming, welke die geval mag wees.

4.22.7 Bedieningshoofde moet tydens die vergaderings van die Raad verslag lewer oor hulle bedieninge se aktiwiteite.

4.22.8 Lidmate wat by ‘n bediening betrokke is, kan as ouderlinge of diakens van die gemeente verkies word ingevolge Artikel 26.2 van die Kerkorde deur die Raad op aanbeveling van die bediening. Sodanige ouderlinge en diakens sal nie lede van die Raad wees nie maar wel verantwoordelik wees vir die pligte deur die die Woord kerkorde en die Raad en opgelê.

4.22.9 Enige gemeentelid, ouderling en diaken, wat nie ‘n lid van die gemeenteraad is nie, mag enige vergadering van die Raad bywoon, tensy die vergadering ‘n geslote vergadering is.Die lid het egter geen stemreg by sodanige vergadering.

4.23 Die Raad mag van tyd tot tyd regulasies uitvaardig, herroep of wysig met betrekking tot die bestuur van die Gemeente of met betrekking tot die finansiële administrasie van die Gemeente of waar dit nodig mag wees vir die behoorlike vervulling van die doelstellings van die Gemeente.

5. FINANSIES VAN DIE RAAD

5.1 Die inkomste en eiendom van die Gemeente, uit welke bron ookal verkry, word uitsluitend aangewend vir die bevordering van sy doelstellings en geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, by wyse van dividend, bonus of andersins, aan lidmate van die Gemeente of enige ander persoon oorgemaak word nie: met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is die betaling ter goeder trou belet van redelike besoldiging aan enige persoon vir dienste werklik aan die Gemeente gelewer nie.

5.2 Die Raad moet al die gelde ontvang in 'n rekening stort wat hy moet open by 'n geregistreerde bankinstelling. Alle fondse wat by die Gemeente ingesamel word deur amptenare of Raadslede moet in sodanige rekening inbetaal word.

5.3 Die Raad moet al die gelde wat nie vir onmiddellik gebruik as 'n redelike bedryfsaldo benodig is nie, belê op sodanige wyse as wat die Raad mag bepaal.

5.4 Uitbetalings geskied per tjek wat onderteken word deur persone wat deur 'n besluit van die Raad daartoe gemagtig word of per elektroniese oordrag gemagtig deur persone wat deur 'n besluit van die Raad daartoe gemagtig word.

5.5 Die Raad moet rekeningkundige rekords van al die Gemeente se geldelike transaksies hou en finansiële state soos voorgeskryf deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk laat opstel en op die voorgeskrewe wyse beskikbaar stel.

5.6 Die finansiële jaar van die Gemeente eindig op 28 Februarie van elke jaar.

5.7 Alle aantekeninge met betrekking tot die finansiële transaksies van die Gemeente word vir 'n tydperk van minstens 5 (VYF) jaar bewaar.

5.8 Die rekenings, aantekeninge, registers en finansiële state van die Gemeente word so gou moontlik na die afsluiting van elke finansiële jaar geoudit deur 'n ouditeur deur die Raad aangestel en ware afskrifte van 'n opgawe van inkomste en uitgawe asook 'n balansstaat en ouditeursverslag vir elke boekjaar

word jaarliks aan die Gemeente voorgelê tesame met 'n verslag deur die Voorsitter bevattende sodanige inligting wat redelikerwys noodsaaklik is om die inligting in die finansiële state verstrek, aan te vul en toe te lig.

6. BEPERKINGS

6.1 Die Raad mag bepaal dat betaalde amptenare van die Gemeente, leraar(s) uitgesluit, in 'n raadgewende hoedanigheid op die Raad mag dien maar sonder die reg om te stem. Die leraar(s) in diens van die Gemeente is ex officio lede van die Raad met volle stemreg.

6.2 'n Raadslid mag nie enige direkte belang hê by of voordeel trek uit enige kontrak wat die Raad namens die Gemeente mag aangaan nie.

6.3 Wanneer die Raad bepaal dat van die dienste van 'n fondsinsamelaar gebruik gemaak word om bydraes in te samel, mag die onkostes en insluitend vergoeding en/of kommissie nie meer as 40% (veertig persent) van die totale opbrengs van die insameling beloop nie.

6.4 In hierdie verband is dit verpligtend dat die Raad alle finansiële bates wat die Gemeente toeval of bekom, belê of daarmee handel en deposito rekeninge open en bedryf, slegs by 'n geregistreerde finansiële instelling soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings 1984.

7. PROSEDURE BY VERGADERINGS VAN DIE RAAD

7.1 Die meerderheid van die lede van die Raad vorm 'n kworum by 'n vergadering van die Raad.

7.2 Die beslissing van die meerderheid van die lede aanwesig by 'n vergadering van die Raad is die beslissing van die Raad.

7.3 Die Raad vergader minstens 4(VIER) maal per jaar op sodanige tye en plekke as wat die Voorsitter van die Raad bepaal.

7.4 Die Voorsitter van die Raad, moet elke lid van die Raad skriftelik in kennis stel van die datum en tyd waarop en die plek waar 'n vergadering van die Raad gehou sal word.

7.4.1 So 'n kennisgewing moet vergesel gaan van 'n sakelys wat deur die Voorsitter goedgekeur is en wat die sake vermeld wat by die betrokke vergadering van die Raad oorweeg sal word.

7.5 Iedere lid van die Raad moet iedere vergadering van die Raad bywoon, tensy hy deur die Voorsitter verlof verleen is om van sodanige vergadering afwesig te wees.

7.6 Die Voorsitter sit voor by al die vergaderings van die Raad.

7.6.1 In die afwesigheid van die Voorsitter van 'n vergadering van die Raad sit die Vise-Voorsitter voor.

7.6.2 Indien die Voorsitter sowel as die Vise-voorsitter van 'n vergadering van die Raad afwesig is, kies die lede wat by die bedoelde vergadering

aanwesig is 'n lid van die Raad wat aldus aanwesig is om by die vergadering voor te sit.

7.7 Geen aangeleentheid wat nie in die sakelys vermeld word word by enige vergadering van die Raad oorweeg nie, tensy die meerderheid van die lede wat by sodanige vergadering aanwesig is, daartoe instem.

7.8 'n Lid van die Raad kan minstens 7 (SEWE) dae voor 'n bepaalde vergadering van die Raad die Voorsitter verwittig van enige aangeleentheid wat hy verlang in die sakelys van daardie vergadering ingesluit moet word en daarop word sodanige aangeleentheid in die sakelys van bedoelde vergaderings ingesluit.

7.9 Die prosedure by 'n vergadering van die Raad word, behalwe vir sover in hierdie artikels anders bepaal, bepaal deur die persoon wat by bedoelde vergadering voorsit, onderworpe aan erkende regsgeldige prosedure reëls.

7.10 Elke lid van die Raad het 1 (EEN) stem by 'n vergadering van die Raad en by 'n staking van stemme het die persoon wat by sodanige vergadering voorsit ook 'n beslissende stem.

7.10.1 Die stemme van die lede wat by 'n vergadering van die Raad aanwesig is, word uitgebring op die wyse bepaal deur die persoon wat by die vergadering voorsit.,

7.11 Die Voorsitter moet die notule van die verrigtings by al die vergaderings van die Raad laat hou.

7.11.1 Sodanige notule moet 'n aantekening insluit van die datum en plek van die betrokke vergadering en 'n lys van name bevat van al die lede by sodanige vergadering aanwesig.

7.11.2 'n Afskrif van sodanige notule moet so spoedig moontlik aan elke lid van die Raad gestuur word.

7.11.3 Die notule van die verrigtings van 'n vergadering van die raad moet op die eersvolgende vergadering van die Raad voorgelê word en, indien sodanige notule by sodanige laasgenoemde vergadering goedgekeur word, hetsy met of sonder wysigings, moet dit deur die persoon wat by die laasgenoemde vergadering voorsit, onderteken word.

Voorglê en goedgekeur deur ‘n algemene vergadering van lidmate van Sunwardpark Gemeenskapskerk op _____te Sunwardpark Gemeenskapskerk , Boksburg.